

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 28 Mar 2018
Page: 6

AVE: 22590.13
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



**Sport**



Dr. Margrit Springer

# Tussen pasiënte deur speel sy strandvlugbal vir SA

Wilhelm de Swardt

Die laaste paar weke was dr. Margrit Springer se lewe dol.

Gedurende die week moes sy pasiënte van kwale genees en oor naweke het sy agter balle in die sand rondgeduik.

Dit het beteken dat sy Vrydagmiddag na Durban toe gevlieg het om aan die Nasionale Strandvlugbaltoernooi deel te neem en eers laat Sondagaand weer terug by die huis was. Maandagoggend om 07:00 was sy op haar pos by die Tambo Memorial-hospitaal in Boksburg.

Die dolle gejaag was nie verniet nie. Springer en haar spanmaat, Manana Mosia, het die afgelope naweek die bronsmedalje verower deur ses van hul nege wedstryde te wen.

Daar kan met reg gewonder word hoekom 'n mediese dokter bereid was om so baie op te offer vir sport waar daar basies niks meer as persoonlike eer op die spel is nie.

Springer hoef nie te dink voordat sy antwoord nie want, om haar eie woorde te gebruik, sy is verslaaf aan strandvlugbal.

"Die rede waarom ek versot is op strandvlugbal is omdat my deelname daartoe lei dat ek aanhoudend aan belangrike lewenswaarhede herinner word. Spanwerk is een. Jy leer ook om nie oorhaastig dinge te doen nie. Met ander woorde dink voor jy doen. Strategie is van kardinale belang. Vlugbal het my ook geleer om druk te verwerk. Eintlik is daar soveel dinge van strandvlugbal wat my help om 'n beter dokter te wees.

"Maar die belangrikste is dat strandvlugbal my die geleentheid bied om uit te leef wie ek is. Die sport maak my gelukkig."

Springer beskou om Suid-Afrika in 2016 by die Sone Ses-toernooi in Namibië te verteenwoordig as 'n besliste hoogtepunt. Sy en haar spanmaat het in die eindronde teen die ander Suid-Afrikaanse span verloor.

Springer het van 2013 'n groot bydrae gelewer om te verseker dat Tuks se Strandvlugbal-klub een van die land se voorste klubs word.

"Ek het nooit die geleentheid gekry om die Varsity-trofee vas te hou nie, maar tog toe Tuks verlede jaar wen, was dit ongelooflik. Ek wil glo dat ek op 'n beskeie manier 'n bydrae tot dié sukses gelewer het," sê Springer, wat in 2015 en 2016 deel was van die Tuks-span wat tweede in die Varsity-toernooi geëindig het.

Soos baie ander sportlui droom Springer daarvan om Suid-Afrika op groot internasionale toernooie soos die Olimpiese Spele en wêreldbyeenkomste te verteenwoordig, maar sy het soort van vrede gemaak dat dit nooit sal gebeur nie.

"As ek werklik goed genoeg wil wees om internasionaal mee te ding, sal ek my werk moet bedank. Dit is nie 'n opsie nie want jy kan nie in Suid-Afrika 'n bestaan as 'n beroepstrandvlugbalspeler maak nie. Maar glo my, as daar ooit dalk 'n realistiese kans is om my land by die Spele te verteenwoordig, sal ek dit beslis oorweeg."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.